

# 19

## NAGMAAL

# Verbondsmaaltyd

### **GESINSLES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die ouers en kinders moet weet dat Jesus sy liggaam en bloed gegee het om ons te red.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die ouers en kinders moet weet dat –

- Jesus Christus self die Nagmaal ingestel het.
- die brood aan die Nagmaaltafel teken is van Jesus se liggaam wat vir ons gebreek is.
- die wyn teken is van Jesus se bloed wat vir ons gevloei het.
- God met ons 'n nuwe verbond in Jesus Christus sluit.

##### **Gesindheid**

Die ouers en kinders moet –

- bly wees dat ons deel kan wees van die nuwe verbond.
- dankbaar wees dat Jesus Homself geoffer het vir ons sondes.

##### **Vaardigheid**

Die ouers en kinders moet –

- die verhaal van die instelling van die Nagmaal kan vertel.
- kan vertel wat 'n verbond is.

#### **MEER INLIGTING (Lukas 22: 14-20)**

Die instellingswoorde van die Nagmaal word vir ons in drie van die Evangelies in Matteus 26, Markus 14 en Lukas 22, en ook in 1 Korintiërs 11, opgeteken. **Omdat dit vier keer herhaal**

**word, is dit duidelik dat Nagmaal belangrik is.** In graad R en graad 2 het die kinders al geleer hoe ons Nagmaal gebruik en wat met Nagmaal gebeur. Die Nagmaal soos Jesus dit ingestel het, het ook vir ons 'n bepaalde betekenis. **Om die betekenis van Nagmaal te verstaan, moet ons weet dat Jesus vir ons sonde gesterf het.** Jesus se koms na die aarde se doel was om sondaarmense te red. Om ons te red, moes daar 'n offer vir die sonde gebring word. Jesus het hierdie offer gebring deur vir ons sonde aan 'n kruishout te sterf. **God het sy offer aangeneem en vergewe ons** sondes op grond van wat Jesus gedoen het.

**As ons Nagmaal gebruik, onthou ons die offer van Jesus.** Die brood wat ons eet en die wyn wat ons drink, verseker ons dat ons sonde vergewe is. Hierdie versekering is soos 'n ooreenkoms. Omdat **Jesus in ons plek gesterf het**, gee die Here aan ons die versekering dat **ons gered is. Dit is die nuwe verbond** wat die Here met ons sluit. Die woord **verbond** beteken dat die Here met ons 'n ooreenkoms aangaan. Hierdie ooreenkoms of *kontrak* is: **Jesus het in ons plek gesterf en vir al ons sonde betaal. Wie in Jesus glo, se sonde word vergeef en hy/sy ontvang die belofte van die ewige lewe.**

In ons Kerk het ons die gebruik dat jy eers belydenis van geloof doen voordat jy Nagmaal kan gebruik. Nagmaal is vir ons 'n baie ernstige saak. 'n Mens moet eers verstaan wat Jesus se kruisdood beteken en met jou hele hart glo dat Jesus ook vir jou sonde gesterf het. **Nagmaalgebruik versterk hierdie geloof in Jesus Christus.** Dit alles gebeur deur die werking van die Heilige Gees. **Wanneer 'n mens by die Nagmaaltafel aansit en die brood word gebreek, herinner dit jou aan Jesus se liggaam** wat aan die kruis gehang het. **Net so herinner die wyn wat gedrink word, aan die bloed van Jesus wat vir ons gevloei het.** Deur die werking van die Heilige Gees, word ons verseker dat **Jesus se offer ons gered het.**

## AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- 'n Prent van 'n Nagmaaltafel.
- 'n Pak lekkers om uit te deel aan die wenners.

## KOM ONS BEGIN

Laat een van die ouers met 'n gebed open.

## HET HULLE ONTHOU?

Kontroleer of hulle die teksvers voltooi het en dit ken.

**God is vir ons, wie kan dan teen ons wees? Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?** (Romeine 8: 31-32)

Laat hulle vertel wat die dominee of ander bronne sê wat die getuienes van die verbond is. (Eksodus 25: 16)

Kontroleer of hulle die volgende vrae kan beantwoord:

Wie was die nuwe leier van Israel?	Josua.
Waarmee moes die priesters vooruit getrek het?	Met die verbondsark.
Hoe het die verbondsark gelyk? (Eksodus 25: 10 en 16)	Dit was 'n houtkis wat die getuienis van die verbond bevat het.
Wie se lewe het God gespaar met die inname van Jerigo?	Ragab en haar gesin se lewens is gespaar.
Hoeveel dae moes die volk om die stad Jerigo trek?	Hulle moes ses dae lank elke dag een keer om die stad trek.
Hoeveel keer moes hulle op die sewende dag om die stad trek?	Hulle moes sewe keer om die stad trek.
Wat moes hulle doen na die sewende keer?	Die priesters moes op hulle ramshorings blaas. Die manskappe moes dan die aanvalskreet uitskree.
Wat beteken dit dat ons God kan vertrou?	As God iets belowe, dan doen Hy dit.
Hoekom kan ons gelowig die toekoms ingaan?	Want God is by ons.
Op watter manier is God v <sup>ir</sup> ons?	Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red.

## VANDAG LEER ONS

### BEGIN SO

Laat die kinders vertel wat hulle van graad 2 kan onthou oor die Nagmaal. Laat een of twee van hulle vertel wat hulle al *gesien* het wanneer hulle Nagmaal bygewoon het.

### IETS INTERESSANT

Dra die inhoud van MEER INLIGTING aan die ouers en kinders oor en lê elke keer klem op die gedeeltes wat verdonker is.

### IETS BELANGRIK

Skerp onderstaande in deur 'n vasvra tussen die ouers en die kinders te hou.

- Deel die ouers in een groep en die kinders in 'n ander groep in.

- Vra die vrae om die beurt.
- **Maak seker almal se boeke is toe.**
- Elke regte antwoord tel twee punte.
- As een groep verkeerd antwoord of nie weet nie, kan die ander groep een punt verdien met 'n regte antwoord.
- Gee die regte antwoord as niemand dit ken nie.
- Hou boek van die punte.
- Die wenners kry lekkers.

### **Vrae aan die kinders**

- Uit wat weet ons dat die Nagmaal vir die Bybelskrywers belangrik was? *Omdat dit vier keer herhaal word, is dit duidelik dat Nagmaal belangrik is.*
- Wat was die doel daarvan dat Jesus moes sterf? *Die doel was om sondaarmense te red van die ewige dood.*
- Wat het God met Jesus se offer *gedoen* en wat het toe met ons gebeur? *God het Jesus se offer aangeneem en ons vergewe.*
- Hoe het dit gebeur dat ons sonde vergewe en ons van die ewige dood gered is? *Jesus het in ons plek gesterf en ons is gered.*
- Wat is die nuwe ooreenkoms wat God met ons aangegaan het? *Omdat Jesus in ons plek gesterf het en vir al ons sonde betaal het, word hulle wat in Jesus glo se sonde vergeef en ontvang hulle die ewige lewe.*
- Waaraan herinner die brood ons by die Nagmaal? *Wanneer 'n mens by die Nagmaaltafel aansit en die brood word gebreek, herinner dit ons aan Jesus se liggaam wat ook net soos die brood gebreek is.*
- Noem een plek in die Bybel waar ons lees van die Nagmaal. *Matteus 26, Markus 14, Lukas 22 en 1 Korintiërs 11.*

### **Vrae aan die ouers**

- Wat is die betekenis van Nagmaal? *Die betekenis van Nagmaal is dat Jesus vir ons sonde gesterf het.*
- Wat moes gebeur voordat ons van ons sonde verlos kon word? *Daar moes 'n offer vir ons sonde gebring word.*
- Waaraan herinner dit ons as ons Nagmaal gebruik? *As ons Nagmaal gebruik, herinner dit ons aan die offer van Jesus of dat Jesus vir ons sonde gesterf het.*
- Wat beteken verbond? *Verbond beteken dat die Here met ons 'n ooreenkoms aangaan.*
- Wat was die *ou* ooreenkoms dan? *God het vir Abraham belowe dat Hy vir hom 'n God sou wees as hy aan Hom gehoorsaam sou wees.*
- Waaraan herinner die wyn ons by die Nagmaal? *Die wyn wat gedrink word, herinner ons aan die bloed van Jesus wat vir ons gevloei het.*
- Wat versterk ons geloof in Jesus? *Nagmaalgebruik versterk die geloof in Jesus Christus.*

### **IETS OM TE DOEN**

Laat die ouers en kinders die opdrag saam doen in die kinders se boeke. Verleen hulp waar nodig.

Maak gebruik van die woorde hieronder om die sinne te voltooi.

kruishout	nuwe verbond	versterk	bloed
offer	geloof	ons	Heilige Gees

- Die Here sluit met ons 'n *nuwe verbond* deur Jesus Christus se *bloed*.
- Jesus het ons gered deur 'n *offer* vir ons sonde te bring. Die offer was om aan 'n *kruishout* te sterf.
- Nagmaal kan gebruik word nadat jy eers belydenis van *geloof* gedoen het.
- Deur Nagmaal te gebruik, word hierdie *geloof* in Jesus *versterk*.
- Die Nagmaalgebeure vind alles plaas deur die werking van die *Heilige Gees*. Ons word verseker dat Jesus se offer *ons* gered het.

## BY DIE HUIS

Laat die kinders –

- die teksvers by Les 20 by HET HULLE ONTHOU gaan memoriseer.
- die vrae en antwoorde oor hierdie les by HET HULLE ONTHOU in Les 20 gaan leer.
- 'n Nagmaalbeker gaan teken.

## AFSLUITING

Lees of sing Gesang 399: 1, en sluit dan af met 'n gebed.

*Aan die tafel met die Paasmaal  
breek die Here self die brood:  
Dis my liggaam, dis vir julle;  
dink aan My en aan my dood.  
Drink nou almal uit die beker,  
dis my bloed wat vryspraak bring.  
So verkondig jul my sterwe,  
so sal redding wyer kring.*